# GEMEENTEBRIEF AUGUSTUS 2025

**Stephan Joubert skryf onlangs: *Pasop vir 'n wiegelied-godsdiens.***

**Hy begin deur vir Ralph Waldo Emerson aan te haal: *"People wish to be settled; only as far as they are unsettled is there any hope for them."***

**Ongerief en nuwe uitdagings is nodig vir persoonlike groei. Dis ook nodig wat ons geloofsgroei betref. Wanneer ons nooit na enige preke luister of aan gesprekke deelneem wat ons uitdaag om ons vooropgestelde idees rakende kultuur, politiek en godsdienstige tradisies te ondersoek nie, bevind ons ons in steriele geloofsomgewings.**

**Wanneer almal in die kerk net *nice* is, en niemand ooit begelei word om Jesus se konkrete verskilmakers in die wêreld te wees nie, is ons opgesaal met 'n oordadige rustigheid. Dan speel ons geloof binne oorbekende kerklike samekomste af. Niks ontstel ons ooit hier nie, behalwe miskien 'n paar kindertjies wat Sondae in die kerk raas sodat ons nie ons rustige kerkdienste kan beleef nie.**

**Nee, dit gaan nie daaroor dat kerke en predikers sogenaamde *shock jocks* moet wees wat almal skok nie. Dit gaan oor 'n inherente ongemak wat altyd in die nabyheid van die evangelie voelbaar moet wees. Jesus sê tog op verskillende maniere dat die evangelie altyd teen ons eie grein skuur. As dit nooit in ons eie lewe of kerk gebeur nie, is ons in 'n geestelike wiegeliedjie-omgewing vasgekluister.**

---

## GEMEENTEPROSES

Wat die gemeenteproses betref, het die kerkraad op verlede week se vergadering 'n volgende tree gegee. Dit was die goedkeuring van 'n instrument (nav Rom 12: 6-8) waarmee lidmate verder gehelp kan word om nie net van hulle gawes nie, maar ook van hulle roeping in die gemeente groter sekerheid te kry. Hierdie fokus op dissipelskap in die gemeente, is natuurlik 'n direkte uitkoms van die gemeentegesprek tot op hede. Die instrument is ontwikkel in die vorm van 'n vraelys.
Uit die gesprek van die kerkraad, was dit belangrik om die volgende aantekeninge te maak:

- Die kerkraad neem eienaarskap vir die proses.
- Baie werk sal ingesit word om toe te sien dat ook die gemeente eienaarskap sal neem.
- Daar sal baie moeite gedoen word om toe te sien dat die lyste by die mense uitkom.
- Die vraelys sal voortaan ook deel van die DNS-gesprek met nuwe mense uitmaak.
- Iets om regtig na uit te sien, is dat die kerkraad graag wil sien dat almal, ook kinders, deel van die proses sal wees. Waar kinders nog te klein is om self te verstaan waaroor dit gaan, kan hulle ouers dan help met die invul daarvan.
- Deurgaans word die verhouding tussen roeping en gawes gehandhaaf – die een kan nie sonder die ander bestaan nie.

Belangrik om daarop te let dat die bedoeling van die gemeenteproses nie is om iets wat reeds deel van die lewe van die gemeente is, te vervang nie, byvoorbeeld iets soos ons Gewoontes nie. Die teendeel is eerder waar: Dit wil juis daarop voortbou en hoop dat dit ons juis daarmee help. Die kerkraad is ook diep onder die indruk dat hierdie nie 'n *quick fix* van enige aard is nie, maar deel is van 'n baie groter proses wat oor 'n baie lang tyd gaan strek. Bid asseblief saam met die kerkraad vir die gawe van onderskeiding op hierdie opwindende pad.

## Taakspan Navorsing

Die resultate van hierdie navorsingsprojek is 'n geruime tyd gelede reeds ontvang. Jy kan gerus gaan kyk by
https://my.ncls.org.au/auth/srcs?report_code=zp4ar4&returnUrl=/reports/iD16Z201o5he/1
Tydens die oggenderediens van 24 Augustus 2025 word hierdie resultate gevier. Zack Pienaar sal saam met Eddie by die geleentheid die leiding neem. Ons sien baie uit!

## Diensgroepe, Diensaksies en Projekte

Tydens die kerkraadsvergadering van Augustus elke jaar, kuier die leiers van diensgroepe,. Diensaksies en projekte saam met die kerkraad. Hier word groepe se vreugdes en vrese met mekaar gedeel ... Die meeste leiers kon teenwoordig wees. Die volgende is sommer net vir kennisname.

### ❖ Acts

- Hou die media dop vir ***Ride to Restore***. Acts, saam met mense uit ander gemeentes en instansies, neem deel aan die Nedbank Desert Dash ten bate van fondswerwing en ondersteuning van Wilderness Therapy Namibia (WTN), 'n welsynsorganisasie wat hulle toespits op die positiewe ontwikkeling van jongmense uit baie uitdagende omstandighede. Vroeër jare was Windhoek-Oos baie betrokke by die projek en dit is lekker om weer die toue op te tel. Gaan lees gerus meer van WTN by https://www.wtnamibia.org/.
- Groter ouerbetrokkenheid by Acts sal op die tafel wees met die beplanning vir volgende jaar. Daar was vroeër die gebruik dat ouers vir een Acts-geleentheid per termyn verantwoordelikheid aanvaar het om tuis met hulle kinders te kuier - dalk oor 'n naweek wanneer daar normaalweg nie Acts by die kerkgebou is nie.
- Die moontlikheid dat Acts – omdat daar nou genoeg lokale beskikbaar is - soos Jun Kategese en Jun Acts soggens direk na die erediens plaasvind, sal ook ondersoek word.

### ❖ Administrasie en Finansies

- Die finansiële situasie van die gemeente is gesond. Soos julle waarskynlik kon agterkom, het daar die afgelope tyd heelwat geld in onderhoud ingegaan, veral die saal. Dit lyk regtig baie mooi.

### ❖ Gasvryheid

- Gasvryheid is natuurlik nie iets wat jy doen nie, maar iets van wie jy is. Dankie vir almal wat mekaar oral en altyd so vriendelik ontvang, ook by die eredienste: *We smile them in and we smile them out.*

## ❖ Jun Kategese & Jun Acts

- Een van die grootste uitdagings is die programme van die skole wat nie gesinkroniseer is nie. Daar is soveel geleenthede wat ons mis, of omdat daar een van die groot skole met vakansie is, of omdat daar die en of ander sportbyeenkoms iewers in die land is. Dit is nogal 'n uitdaging om 'n ritme te vestig.

## ❖ Musiek

- Die gemeentegesprek oor gemeentemusiek bly op die kaarte en sal, sodra die breër gemeenteproses ons op die punt bring, 'n aanvang neem. Hou die gemeentemedia dop.
- Christa bereik volgende jaar aftree-ouderdom – sy maak einde April 2026 klaar by die gemeente. Die pos vir 'n opvolger sal reeds teen die einde van hierdie jaar geadverteer word.

## ❖ Onthaal

- Gaan baie goed – groot komplimente aan die mense wat sorg vir die lekkerste eetgoedjies, veral tydens tee op 'n Sondagoggend.

## ❖ Saaleredienste

- Daar is baie mense met jonger kinders wat hierby baat vind. Groter blootstelling, ook tydens die eredienste in die kerkgebou, is dalk iets wat vir die toekoms bedink kan word.
- 'n Groot wins is die waarde wat ouers toevoeg, in terme van deelname, ook aan die beplanning van die dienste.

## ❖ Kuiergroep

- Behalwe vir die reëlings rondom die feesnaweek van 24-26 Oktober, hoop die groep om teen volgende jaar 'n nuwe ritme te hê.
- Reëlings vir die gemeente se 65-jarige bestaansviering vir die naweek van 24-26 Oktober 2025 is aan die gang. Dit is ook die naweek waartydens die gemeente van Hendrik en Jossie afskeid neem.

## ❖ Diensaksies

- **Etes vir haweloses/Thinus Bakkes oornagskuiling**: Op 'n weekliks basis word daar voorraad vir een ete aan die skuiling voorsien. Groot dank en waardering vir almal wat so getrou hierdie diens lewer.
- **DEGNOS**: Werk onder die mense van die Noord-Ooste van die land, gaan volstoom voort. Groot dank vir die werk wat daar gedoen word.
- **Sauyemwa**: Dié gemeente doen uitstekende werk in Rundu. Groot dank aan Ds Hausiko. 'n Proses is tans aan die gang om iemand op te lei om hom in die gemeente by te staan.

## ❖ Projekte

- **Gholfdag**: Reëlings is aan die gang.  Alle fondse wat hier gegenereer word, word net so aan DEGNOS oorbetaal.
    - In die beplanning sal aandag daaraan gegee word om die spelers groter blootstelling aan die werk van DEGNOS te gee.  Die bedoeling is juis dat hierdie nie maar net nog ‘n gholfdag is nie, maar om die sakesektor aan die werk van DEGNOS bloot te stel.
- **Vleisfees**: Vleisfees het vlot verloop – met groot dank aan almal wat so hard gewerk het, alhoewel daar aansienlik minder voete as in die verlede was.  Orige produkte is op die Aanlynwinkel te koop.
    - Deeglike evaluering is reeds gedoen met die oog op volgende jaar.

**Mooi dag en seën vir julle.**

Groete**.**






Ons gewoonte vir die maand